


**South Africa's national financial account  
1970-1992**

**Suid-Afrika se nasionale finansiele rekening  
1970-1992**

**Supplement to the South African Reserve Bank  
Quarterly Bulletin December 1994**

**Bylaag tot die Suid-Afrikaanse Reserwebank  
Kwartaalblad Desember 1994**




**South African Reserve Bank  
Suid-Afrikaanse Reserwebank**

**South Africa's national financial account  
1970-1992**

**Suid-Afrika se nasionale finansiële rekening  
1970-1992**

Supplement to the South African Reserve Bank  
Quarterly Bulletin December 1994

Bylaag tot die Suid-Afrikaanse Reserwebank  
Kwartaalblad Desember 1994



South African Reserve Bank  
Suid-Afrikaanse Reserwebank

# Contents

South Africa's national financial account, 1970 – 1992.....	1
--	---

## Statistical tables

### Table

Page "B"

<b>Flows for the year</b>	
1. 1970 .....	0
2. 1971 .....	2
3. 1972 .....	4
4. 1973 .....	6
5. 1974 .....	8
6. 1975 .....	10
7. 1976 .....	12
8. 1977 .....	14
9. 1978 .....	16
10. 1979 .....	18
11. 1980 .....	20
12. 1981 .....	22
13. 1982 .....	24
14. 1983 .....	26
15. 1984 .....	28
16. 1985 .....	30
17. 1986 .....	32
18. 1987 .....	34
19. 1988 .....	36
20. 1989 .....	38
21. 1990 .....	40
22. 1991 .....	42
<b>Flows for 1992</b>	
23. First quarter.....	44
24. Second quarter .....	46
25. Third quarter .....	48
26. Fourth quarter .....	50
27. Year .....	52
<b>Sector tables for the year 1992</b>	
28. Foreign sector .....	54
29. Monetary authority .....	56
30. Other monetary institutions.....	58
31. Public Investment Commissioners.....	60
32. Insurers and retirement funds.....	62
33. Other financial institutions.....	64
34. Central and provincial governments .....	66
35. Local authorities .....	68
36. Public corporate sector .....	70
37. Private corporate sector .....	72
38. Households, etc. ....	74

# Inhoudsopgawe

Suid-Afrika se nasionale finansiële rekening, 1970 – 1992 .....	7
--	---

## Statistiese tabelle

### Tabel

Bladsy "B"

<b>Vloeiinge vir die jaar</b>	
1. 1970 .....	0
2. 1971 .....	2
3. 1972 .....	4
4. 1973 .....	6
5. 1974 .....	8
6. 1975 .....	10
7. 1976 .....	12
8. 1977 .....	14
9. 1978 .....	16
10. 1979 .....	18
11. 1980 .....	20
12. 1981 .....	22
13. 1982 .....	24
14. 1983 .....	26
15. 1984 .....	28
16. 1985 .....	30
17. 1986 .....	32
18. 1987 .....	34
19. 1988 .....	36
20. 1989 .....	38
21. 1990 .....	40
22. 1991 .....	42
<b>Vloeiinge vir 1992</b>	
23. Eerste kwartaal.....	44
24. Tweede kwartaal .....	46
25. Derde kwartaal .....	48
26. Vierde kwartaal.....	50
27. Jaar .....	52
<b>Sektortabelle vir die jaar 1992</b>	
28. Buitelandse sektor.....	54
29. Monetêre owerheid .....	56
30. Ander monetêre instellings .....	58
31. Openbare Beleggingskommissaris.....	60
32. Versekerers en aftreefondse .....	62
33. Ander finansiële instellings .....	64
34. Sentrale en provinsiale regerings.....	66
35. Plaaslike owerhede.....	68
36. Openbare korporatiewe sektor.....	70
37. Private korporatiewe sektor.....	72
38. Huishoudings, ens.....	74

# South Africa's national financial account, 1970 – 1992<sup>1</sup>

## Introduction

This supplement to the *Quarterly Bulletin* provides the revised and updated national financial account for South Africa for the period 1970 to 1992. The current revision updates the annual tables published in the supplement to the *Quarterly Bulletin* of September 1981 and in subsequent *Quarterly Bulletins*. This is the final publication in the current series of publications of the Economics Department of the South African Reserve Bank providing historical data. It is an appropriate conclusion of the series because the data contained in these tables have been compiled from the detailed information published on the balance of payments, money and banking, capital market, public finance and national income (and product) accounts.

The revised information updates the national financial account for the years 1970 to 1991, and for the first time extends the national financial account to include quarterly tables as from the first quarter of 1992 as well as tables on the flow of funds of individual sectors, reflecting each sector's linkage within the national flows matrix for the year 1992. These tables provide a precise indication of each sector's sources and uses of funds as opposed to the *national financial flow matrix*, which only reflects the *sum* of each sector's transactions and not any one sector's share in the total flows of another sector.

Definitional and classificational changes had to be made to the national financial account due to the changes in the banking industry and the privatisation of some public corporations. Major revisions to previously published national accounts aggregates, such as net saving, provision for depreciation and gross domestic investment, had to be accommodated and the financial transactions flows have also been adjusted to accommodate the impact of the resulting changes in this closed system of accounts. In addition, the earlier sector for "other deposit-taking institutions" (mainly the former building societies) has been merged with banks to form the "other monetary institutions sector" and the transactions item line for the deposits with the former "other deposit-taking institutions" has been re-allocated to the item lines for demand, medium and long-term monetary deposits.

## The role of the national financial account

The financial account represents a logical extension of the broader concept of national economic accounting inasmuch as it provides information on financial activity in the economy, in addition to the income and product

flows. The financial account is also referred to as the national financial account or the flow-of-funds account. It is a "national" account because it is part of the integrated system of national economic accounts which covers all sectors of the national economy. It is "financial", because it identifies financial flows, as opposed to non-financial or "real" economic activity. In terms of the United Nations' revised *System of National Accounts*<sup>2</sup>, the national accounts are structured in three sub-sets: the *current accounts* (consisting of the *production account*, the *distribution and use-of-income accounts* and the *rest-of-the-world account*), *accumulation accounts* (consisting of the *capital finance account*, the *financial account* and the other *changes-in-assets account*), and *balance sheets*. These accounts have been designed to provide analytically useful information on the behaviour of institutional units in the economy and the activities in which they are engaged, such as production, consumption and the accumulation of assets.

The national income and product accounts relate to production, consumption and investment. In South Africa, three types of accounts are compiled, namely the product account, income and outlay accounts, and the capital finance account. The capital finance account forms the link between the "real" and "financial" flows in the economy. If net saving and capital transfers are not sufficient to cover or are more than sufficient to cover, the net accumulation of non-financial assets, the resulting deficit or surplus, referred to as net borrowing or net lending, is the balancing item that is carried forward from the capital finance account to the financial account where it is shown as the financing balance.

The financial account records transactions that involve financial assets and liabilities and that take place between institutional units, and between institutional units and the rest of the world. This account is also the final account in the full sequence of accounts that record transactions between institutional units. The account does not have a balancing item that is carried forward to another account, but the net balance of the financial account i.e. the financial investment balance is equal in magnitude, (but with opposite sign) to the balancing item on the capital finance account i.e. the financing balance.

The financial account indicates how deficit, or net borrowing, sectors obtain the necessary financial

<sup>1</sup> The Reserve Bank wishes to express its sincere appreciation for the co-operation of all the respondents, government departments, capital market and other public and private institutions in furnishing the data for the compilation of South Africa's financial account.

<sup>2</sup> Commission of the European Communities, International Monetary Fund, Organisation for Economic Co-operation and Development, United Nations and World Bank, *System of National Accounts 1993* (prepared under the auspices of the Inter-Secretariat Working Group on National Accounts), Brussels/Luxembourg, New York, Paris, Washington, D.C., 1993.

**Table 1. Consolidated Capital Finance Account for all sectors, 1992**

Uses of funds	R millions	Sources of funds	R millions
Increase in inventories <sup>1</sup>	-2 608	Provision for depreciation <sup>1</sup>	50 272
Gross fixed investment <sup>1</sup>	56 711	Saving <sup>1</sup>	7 771
Net lending to the rest of the world <sup>2</sup>	3 940	Net capital transfers from the rest of the world <sup>2</sup>	0
Gross investment	58 043	Financing of gross investment	58 043
Net acquisition of domestic financial assets <sup>3</sup>	159 498	Net issue of liabilities to domestic sectors <sup>3</sup>	159 498
Net acquisition of foreign assets	4 404	Net issue of liabilities to foreigners	464
		Net lending to the rest of the world <sup>4</sup>	3 940
<b>Total uses of funds</b>	<b>163 902</b>	<b>Total sources of funds</b>	<b>163 902</b>

1. From the national income and product accounts.

2. From the balance of payments.

3. On consolidation, financial claims among domestic sectors cancel out and only assets and liabilities vis-à-vis the rest of the world remain.

4. The total of net inflow of capital and decrease in gold and other foreign reserves, i.e. the contra item of the balance of payments on current account.

resources by incurring liabilities or reducing assets, and how the net lending sectors allocate their surpluses by acquiring assets or reducing liabilities. Acquisitions of financial assets and the incurrence of liabilities are referred to respectively as "uses of funds" and "sources of funds" in the financial account. Table 1 shows the link between the financial account and the income and product accounts.

### **Classification of financial transactions, accounting rules and compilation**

Identification of financial transactions has become more difficult because financial innovation has led to the development and proliferation of new and complex financial assets and other financial instruments to meet the needs of investors in respect of maturity, yield, avoidance of risk and other factors. Different types of financial assets are devised to meet the different requirements and financial circumstances of creditors and debtors.

Financial markets deal in specific types of financial assets. For the purpose of financial analysis, a meaningful classification must therefore distinguish, firstly, between assets and liabilities (including net worth) and, secondly, between tangible and financial assets on the one hand and net worth and liabilities on the other. Financial assets may be held for various reasons, such as convenience, as a store of value and means of payment (money); for liquidity (near-money deposits), as a source of income (loans and securities) or for speculation (marketable securities).

Financial transaction flows reflect the transaction values of changes in the corresponding balance sheet items during a given period. That part of the national

financial account setting out the financial transactions of the different sectors, as opposed to saving and fixed investment, will be referred to as the financial transactions account. The link between those transactions from the income and product accounts, which are incorporated in the financial account, and the financial transactions account is provided by the financing balance (surplus or deficit) of each sector. This balance may be measured either from a sector's capital finance account of the income and product accounts, or independently from its financial transactions account, namely as the sector's net financial investment. Although these two measures of the balance should be the same, it is useful to calculate them separately as a means of controlling the accuracy of the measured income and product and financial flows.

For a particular sector, the *sources* of its funds (consisting of its net saving plus provision for depreciation, net capital transfers received from other sectors, and net foreign borrowing) will not normally be equal to its total *uses* of funds for investment in inventories and new capital goods plus net purchases of existing fixed assets. A financing surplus will then give rise to a net increase in that sector's net financial asset holdings, and a financing deficit will lead to a net increase in its net liabilities. On a national basis, however, net domestic saving plus provision for the depreciation of capital assets, net foreign borrowing, and net capital transfers from the rest of the world will be equal to gross domestic investment. For all sectors combined, capital transfers and transactions in land, other existing fixed assets and financial assets between individual domestic sectors cancel out.

In selecting financial transaction items it is important

to bear in mind the financial markets and sectors to be analysed. The classification of financial assets is based on the liquidity of the assets and is designed to facilitate the analysis of transactions of institutional units and at the same time provide a framework for assessing the sources and uses of financing and degree of liquidity for these units. The detail in which the classification is employed, depends on the institutional sector to be analysed. Financial intermediaries, for example, transact in the full range of instruments, and information regarding their operations is often the most detailed and timely of the different institutional units. Households, on the other hand, in general transact in a far more limited range of financial assets, and the sources of information concerning these transactions are more limited than those for other sectors. All financial transactions between institutional units and between institutional units and the rest of the world are recorded in the financial account. Financial transactions between institutional units and between institutional units and the rest of the world cover all transactions involving change of ownership of financial assets, including the creation and liquidation of financial claims. The variety of forms taken by financial claims is manifested in a variety of financial assets.

Transactions in financial assets and liabilities should be identified and classified according to type of instrument, degree of liquidity, and the circumstances in which the transactions take place in the first instance. In addition, it is sometimes necessary to use a more detailed classification of some liability or financial asset items in order to indicate analytically important changes in financial claims. For example, demand deposits with monetary banking institutions, which form part of the money supply, are distinguished as a separate category of deposits for purposes of analysing the money supply. On the basis of these principles, transactions may be classified in such a way as to provide a framework for the analysis of the available investment outlets and sources of finance, as well as the degree of liquidity and solvency, of the various institutional sectors. More importantly, such a classification is required for an analysis of the different financial markets.

In South Africa's national financial account 23 categories of financial assets/liabilities are distinguished. Apart from the non-financial items and balances transferred from the income and product accounts, 26 financial transaction items and balances are identified in the national financial account. In these transactions foreign assets and liabilities are not shown separately from domestic assets and liabilities, except in the particular cases of gold and other foreign reserves, branch balances, and the items appearing in the foreign sector column.

As with the other accounts in the overall system of national accounts, the financial flow account is a closed system. That is, total sources of funds equals total uses of funds for each sector and for the entire economy. This system provides an integrated and

comparable set of financial flows between the sectors of the economy.

The transaction flows are compiled on a "who-owes-who" basis, that is, the change in the indebtedness of one sector to another. This is in contrast to the "from-whom-to-whom" basis, where the actual cash flow of the subscriber to a new stock issue is reflected and not the ultimate holder and therefore financier of the issuer of the stock. This concept of the ultimate financier is often overlooked. There are, in fact, two aspects to the financing of a project. Firstly, the immediate payment of the contractor and secondly the subsequent financing or holding of the debt incurred until it is redeemed. The necessity of providing for this secondary financial need, that is affordability, is of paramount importance when considering alternative uses of funds. The financing needs of investment in income- and employment-generating projects, such as industrialisation, are completely different from the needs of socially desirable investment in housing and education, which is also essential but which only generates income and employment very slowly and has to be balanced with what the economy can meaningfully afford over the longer term.

The accounting framework requires a four-entry system, namely for every use of one sector there must be an equivalent source from another sector and for any change in one item of a sector's account there has to be an equivalent change in another item of that sector's account. This constraint is imposed by the nature of a closed or balanced system of accounts. This property enables the compilers of the accounts to derive relevant sector data for those sectors for which sectoral balance sheets are not available, such as the household sector, whose data are compiled from the contra-items of the other sectors.

Transactions are valued at transactions value and are recorded at the time that title to an asset is transferred. However, not all transactions are entered, classified or treated in the same manner in the books of all the parties to the transactions and it is necessary to make adjustments for errors arising from such differences in classification, valuation or accounting system.

Transactions in financial assets are recorded at the prices at which the assets are acquired or disposed of. These prices should exclude service charges, fees, commissions and similar payments for services rendered in carrying out the transactions; these should be recorded as payments for services. When a financial transaction involves a new issue of liabilities, the transaction should be recorded by both the creditor and the debtor at the amount of the liability incurred by the debtor. When a security is issued at a discount, the proceeds to the issuer at the time of the sale, and not the face value, are recorded in the financial account.

When securities are marketed by issuers through intermediaries and then sold at higher prices to final investors, the assets and liabilities are recorded at the

amounts paid by the initial investors. The differences between the amounts paid by the final investors and those received by the issuers are treated as service payments paid by the issuers to the intermediaries.

There are several stages at which creditors and debtors could record a transaction, and asymmetries in the time of recording such transactions are therefore likely to emerge. A financial claim exists up to the point that the payment is cleared and the creditor has control of the funds; this would be the optimal point in time for recording the transaction. However, asymmetries in time of recording by institutional units require that estimates be made in order to adjust the accounts.

The data used in the compilation of the financial account are drawn from the balance sheets compiled for the different sectors. The basic data are obtained from respondents who furnish regular monthly, quarterly and/or annual data returns to the Reserve Bank for the purposes of money and banking, capital market and public finance analysis. In some instances, such as the case of the local authorities and the public corporation sectors, a sectoral balance sheet is drawn up. In other instances, such as those of the insurers and retirement funds or the monetary institutions, a balance sheet for each sub-sector, e.g. banks, is compiled and then consolidated with those of the Land Bank, mutual banks and Postbank to arrive at a sectoral balance sheet. In other cases, the flow data for each sub-sector are calculated first and then consolidated with those of the other complementary sub-sectors to arrive at a sector-flow matrix.

These changes in the balance sheet liability and asset items, each item broken down by sector, are then adjusted to incorporate transaction values and other coverage and classification adjustments as well as the national income savings and investment data. This is followed by the balancing of the sources and uses total for each financial flow item. The integration process is finally completed with the integration of the detailed components of each sector's sources and uses flows with the corresponding but opposite flows of all the other sectors. This final exercise ensures that the detailed data in a sector's own flow matrix tie in with the total flows per item for that sector in the final national flow-of-funds matrix.

### **Analytical uses of the national financial account**

A major benefit of the national financial account is that the statistical framework can be used for various financial analytical purposes. The desegregated and more detailed data on sectors and transaction items can be used to trace and analyse financial and non-financial relationships in the economy and financial inter-relationships among sectors of the economy, including monetary and capital market analyses. Because of the institutional framework of the account, the effects of changes in the operations of these institutions, and particularly those of financial institutions, and the evolution of the financial structure over time can be

observed. Furthermore, the detailed classification of financial assets and liabilities facilitates the analysis of developments in the financial markets.

Apart from the identification of surplus sectors and deficit sectors, a global view of total borrowing and lending in the financial markets can be gained from the national financial account. Furthermore, the activities of the borrowing and lending sectors can be analysed, while closer studies of the individual financial intermediary sub-sectors, such as other monetary institutions, can be undertaken. National financial account data can also be used to investigate or analyse how fixed investment is affected by changes in credit market conditions, how borrowers respond to changes in interest rates, how a rising consumer debt burden affects consumption expenditure, how the financial investment pattern of a sector changes, and how the volume of funds flowing through the financial intermediaries fluctuates as the level of business activity rises or falls. In addition, the financial account shows to what extent:

- business enterprises depend on credit rather than own internal financing;
- households prefer marketable securities to bank deposits or insurance policies;
- the private sector is "crowded out" by the public sector in the allocation of the available supply of loanable funds; and
- the domestic credit market is dependent on international capital inflows.

The built-in constraint of consistency in the national financial account ensures logical analysis, and makes the financial flow data useful for short-term projections of future financial flows. Consequently, the implications of an enlarged public-sector borrowing requirement, for example, can be analysed and projected.

The financial flows data, especially on a quarterly basis, can be used in a financial input-output analysis, interest rate forecasts, and econometric financial model building.

The link between the "real" flows in the national income-and-product accounts and the "financial" flows in the national financial account is provided by the financing balance (surplus or deficit) of each sector. The financing balances of the six major institutional sectors for the period from 1970 to 1992 are presented in Table 2.

An analysis of the financing balances indicates which sectors were generally financing-surplus or financing-deficit sectors during the 23-year period from 1970 to 1992. As shown in the table, the private non-financial corporate enterprises sector and the financial institutions were generally financing-surplus sectors, which could finance their own gross investment during this period. In contrast, the public non-financial corporate enterprises sector was a financing-deficit sector, relying on borrowing from surplus sectors in order to meet the full financial requirements of its investment programmes. The general government sector was also a deficit sector, although

**Table 2. Financing balances<sup>1</sup>, 1970 –1992**

R millions

	Foreign sector <sup>2</sup>	Financial institutions	General government	Public enterprises	Private corporate enterprises	Households, etc.
1970 .....	919	42	-57	-472	-575	143
1971 .....	1 061	77	-363	-697	-524	446
1972 .....	143	126	-353	-824	26	882
1973 .....	169	56	347	-702	42	88
1974 .....	979	88	368	-1 327	-1 509	1 401
1975 .....	1 766	110	-628	-1 438	-691	881
1976 .....	1 654	59	-998	-1 900	822	363
1977 .....	-209	76	-994	-1 527	834	1 821
1978 .....	-949	151	-766	-1 263	1 411	1 416
1979 .....	-2 504	339	-845	-1 757	1 760	3 007
1980 .....	-2 554	175	223	-3 050	2 238	2 968
1981 .....	4 176	542	-372	-3 975	187	-558
1982 .....	3 557	516	-1 824	-3 138	721	168
1983 .....	428	587	-2 105	-2 861	3 313	639
1984 .....	2 517	906	-4 132	-2 471	1 430	1 750
1985 .....	-5 208	1 431	-4 238	-2 958	6 697	4 275
1986 .....	-6 328	-15	-5 483	-2 052	10 543	3 335
1987 .....	-6 708	-635	-8 225	758	9 235	5 575
1988 .....	-3 383	-1 396	-7 755	757	8 600	3 178
1989 .....	-3 467	-287	-8 637	-876	9 217	4 050
1990 .....	-5 324	321	-8 523	2 391	8 372	2 763
1991 .....	-6 187	2 879	-12 001	2 886	7 538	4 884
1992 .....	-3 940	1 388	-22 039	-964	13 254	12 301

1. Gross saving plus capital transfers less gross investment. Gross investment consists of fixed and inventory investment, before providing for depreciation.
2. A positive amount reflects a surplus for the rest of the world and therefore a deficit on South Africa's balance of payments current account. A negative amount represents a deficit for the rest of the world and a surplus on the current account of South Africa's balance of payments.

small financing surpluses were occasionally recorded, especially during years characterised by a sharply rising gold price. The household sector is normally a financing-surplus sector. However, unlike the general government sector, which normally experiences a rise in revenue in the expansionary phase of the business cycle, the households' financing surplus tends to decline as the increase in economic activity gains momentum and private consumption expenditure accelerates. The revised estimates of income and expenditure caused changes in the overall level of saving and adjustments to the transfer payments from general government to households from the middle of 1991, which resulted in a substantial increase in dissaving by the general government and a corresponding increase in the net saving by households.

South Africa, as a rapidly developing country, relied to a significant extent on the foreign sector's financing surplus (as reflected in a deficit on the current account of South Africa's balance of payments) in the past to

supplement the amount of domestic savings available for the financing of gross domestic investment. However, during the four years from 1977 to 1980, and again from 1985 to 1992, the foreign sector became a financing-deficit sector.

In comparison with the experience of most other countries, the financing surpluses recorded for the private non-financial corporate enterprises sector during most of the years under review were rather unusual. This characteristic was due to the substantial rise in the gold price and the dominant position of institutions such as mining houses in the economic structure of South Africa. The mining houses manage and invest large amounts of their own as well as their groups' retained earnings. In view of their substantial overall financial means, the mining houses contribute considerably to the South African private corporate sector's ability to provide for its own financial needs.

The national financial account covers all financial assets and sectors of the economy, and therefore



provides a useful and convenient means of obtaining an overview of the different sections of the capital market. By analysing the amounts appearing in the sources columns of the various sectors, those transaction items that represent capital market claims can be distinguished. These claims include loan stock and shares issued by, and long-term loans granted to, the central government, public and private non-financial corporate enterprises, households and, to a lesser degree, certain financial intermediaries. Likewise, by analysing the amounts shown against the relevant transaction items in the uses columns of the different sectors, the suppliers of funds to the capital market can be identified. The main borrowers are the central government, local authorities, public and private corporate business enterprises, and new homeowners. The financial intermediary sector is the principal supplier of funds to the market, consisting in particular of insurers, retirement funds and banks, which simply channel the surplus funds of the household sector into appropriate investments. Other monetary banks, the Public Investment Commissioners, and other financial intermediaries such as participation mortgage bond schemes are also lenders in the capital market. A certain amount of capital market investment is conducted by way of direct investment by one sector in another.

In addition to the identification of the main borrowers and investors in the capital market, the various sub-sections of the market may be studied by analysing the sources and uses of funds appearing against individual, or appropriate groups of, capital market claims. For example, the fixed-interest securities market may be analysed by means of the transactions in long- and short-term government stock, local authority and public enterprise stock and loan securities of private corporate enterprises. The same procedure can be followed to analyse the share market, the mortgage loan market, the market for other long-term loans and the market for longer-term deposits.

The role played by capital market institutions, such as insurers and retirement funds, is also presented in detail, while the operations of these and other financial institutions as well as other non-financial sectors in the different financial markets can be observed and analysed with the aid of the information furnished in the national financial account.

# Suid-Afrika se nasionale finansiële rekening, 1970 - 1992<sup>1</sup>

## Inleiding

Hierdie bylaag tot die *Kwartaalblad* bevat die hersiene en opgedateerde nasionale finansiële rekening vir Suid-Afrika vir die tydperk 1970 tot 1992. Die huidige hersiening bring die jaarlikse tabelle soos gepubliseer in die bylaag tot die *Kwartaalblad* vir September 1981 en daaropvolgende Kwartaalblaaië, op datum. Dit is die finale publikasie in die huidige reeks van publikasies van die Departement Ekonomie van die Suid-Afrikaanse Reserwebank wat historiese data bevat. Dit is 'n gepaste afsluiting van die reeks, aangesien die data wat in hierdie tabelle vervat word, saamgestel is uit die reeds gepubliseerde, gedetailleerde inligting vir die betalingsbalans, geld- en bankwese, kapitaalmark, openbare finansies en nasionale inkomere- (en produk-) rekeninge.

Die hersiene inligting bring die nasionale finansiële rekening vir die jare 1970 tot 1991 op datum, en vir die eerste keer word hierdie rekening uitgebrei om ook kwartaalike tabelle vanaf die eerste kwartaal van 1992 sowel as tabelle oor die vloeiing van die fondse van individuele sektore, wat elke sektor se skakeling binne die nasionale vloeiatriks vir die jaar 1992 weerspieël, in te sluit. In teenstelling met die *nasionale finansiële vloeiatriks*, wat slegs die *som* van elke sektor se transaksies en nie enige enkele sektor se aandeel in die totale vloeiing van 'n ander sektor toon nie, verskaf hierdie tabelle 'n presiese aanduiding van elke sektor se bronne en aanwending van fondse.

Definisie- en klassifikasieveranderings moes aan die nasionale finansiële rekening aangebring word as gevolg van die veranderings in die bankwese en die privatisering van sommige openbare korporasies. Omvangryke hersienings aan voorheen gepubliseerde groothede in die nasionale rekeninge, soos netto besparing, voorsiening vir waardevermindering en bruto binnelandse investering, moes geakkommodeer word en die finansiële transaksievloeiing is ook aangepas om die invloed van die gevolglike veranderings in hierdie geslote stelsel van rekeninge te akkommodeer. Verder is die voormalige sektor vir "ander depositonemende instellings" (hoofsaaklik voormalige bouverenigings) en banke saamgevoeg om die sektor "ander monetêre instellings" tot stand te bring en die transaksiepos vir deposito's met die voormalige "ander depositonemende instellings" is hertoegedeel na die pos vir opeisbare, medium- en langtermyn monetêre deposito's.

## Die rol van die nasionale finansiële rekening

Die finansiële rekening verteenwoordig 'n logiese uitbreiding van die breër konsep van die nasionale ekonomiese rekeningkunde, aangesien dit inligting oor die finansiële bedrywigheid in die ekonomie, bo en behalwe die inkomere- en produkvloeiing, voorsien. Daar word ook na die finansiële rekening verwys as die nasionale finansiële rekening of die vloei-van-fondse rekening. Dit is 'n "nasionale" rekening, omdat die rekening deel is van die geïntegreerde stelsel van nasionale ekonomiese rekeninge wat alle sektore van die nasionale ekonomie omvat. Dit is "finansiël" omdat dit finansiële vloeiing identifiseer in teenstelling met nie-finansiële of reële ekonomiese bedrywigheid. Ingevolge die Verenigde Nasies se hersiene "*System of National Accounts*"<sup>2</sup>, word die nasionale rekeninge in drie subrekeninge opgestel; die *lopende rekeninge* (bestaande uit die *produksierekening*, die *verdeling en gebruik van inkomerekening* en die *res-van-die-wêreld-rekening*); *akkumulasierekening* (wat bestaan uit die *kapitaalfinansieringsrekening*, die *finansiële rekening* en 'n rekening wat *ander veranderings in bates* bevat); en *balansstate*. Hierdie rekeninge is ontwerp om analities-buikbare inligting te verskaf oor die gedrag van institusionele eenhede in die ekonomie en die bedrywigheede waarmee hulle gemoeid is, soos produksie, verbruik en die akkumulatie van bates.

Die nasionale inkomere- en produkrekening verwys na produksie, verbruik en investering. In Suid-Afrika word drie soorte rekeninge saamgestel, naamlik 'n produksierekening, 'n inkomere- en uitgawerekening en die kapitaalfinansieringsrekening. Die kapitaalfinansieringsrekening is die skakel tussen die "reële" en die "finansiële" vloeiing in die ekonomie. Indien netto besparing en kapitaaloordragte nie voldoende is nie of meer as voldoende is om die netto akkumulatie van nie-finansiële bates te finansier, is die gevolglike tekort of oorskot, naamlik netto lenings aangegaan of netto lenings toegestaan, die balanserende item wat oorgedra word vanaf die kapitaalfinansieringsrekening na die finansiële rekening, waar dit as die finansieringsaldo getoon word.

Die finansiële rekening teken transaksies aan wat finansiële bates en laste insluit en wat onderling tussen institusionele eenhede, en tussen institusionele eenhede en die res van die wêreld, plaasvind. Die finansiële rekening is ook die finale rekening in die volle reeks van

<sup>1</sup> Die Reserwebank wil graag sy opregte waardering uitspreek vir die samewerking van alle respondente, staatsdepartemente, kapitaalmark en ander openbare en private instellings vir die voorsiening van die data vir die samestelling van Suid-Afrika se finansiële rekening.

<sup>2</sup> Kommissie van die Europese Gemeenskappe, Internasionale Monetêre Fonds, Organisasie vir Ekonomiese Samewerking en Ontwikkeling, Verenigde Nasies en Wêreldbank, *System of National Accounts 1993* (voorberei onder die beskerming van die Inter-Sekretariaat Werkgroep oor Nasionale Rekeninge), Brussel/ Luxemburg, New York, Parys, Washington, D.C., 1993.

**Tabel 1. Gekonsolideerde Kapitaalfinansieringsrekening vir alle sektore, 1992**

Aanwending van fondse	R miljoene	Bronne van fondse	R miljoene
Toename in voorrade <sup>1</sup>	-2 608	Voorsiening vir waardevermindering <sup>1</sup>	50 272
Bruto vaste investering <sup>1</sup>	56 711	Besparing <sup>1</sup>	7 771
Netto lenings aan die res van die wêreld <sup>2</sup>	3 940	Netto kapitaaloordragte vanaf die res van die wêreld <sup>2</sup>	0
Bruto investering	58 043	Finansiering van bruto investering	58 043
Netto verkryging van binnelandse finansiële bates <sup>3</sup>	159 498	Netto uitgiftes van laste aan binnelandse sektore <sup>3</sup>	159 498
Netto verkryging van buitelandse bates	4 404	Netto uitgiftes van laste aan nie-inwoners	464
		Netto lenings aan die res van die wêreld <sup>4</sup>	3 940
<b>Totale aanwending van fondse</b>	<b>163 902</b>	<b>Totale bronne van fondse</b>	<b>163 902</b>

1. Vanaf die nasionale inkom- en produkrekeninge.

2. Vanaf die betalingsbalans.

3. By konsolidasie kanselleer finansiële eise tussen binnelandse sektore uit en slegs bates en laste met betrekking tot die res van die wêreld bly oor.

4. Die totaal van die netto invloed van kapitaal en die afname in goud- en ander buitelandse reserwes, d.i. die kontra-pos op die lopende rekening van die betalingsbalans.

rekeninge wat transaksies tussen institusionele eenhede te boek stel. Die finansiële rekening het nie 'n balanserende item wat na 'n verdere rekening oorgedra word nie, maar die netto saldo van die finansiële rekening, dit wil sê die finansiële beleggingsaldo is in omvang gelyk (maar met teenoorgestelde teken), aan die balanserende item van die kapitaalfinansieringsrekening, dit wil sê die finansieringsaldo.

Die finansiële rekening dui aan hoe tekort-, of netto lenersektore, die nodige finansiële middele bekom deur laste aan te gaan of bates te realiseer, en hoe die netto uitlenersektore hul oorskotte aanwend deur bates aan te skaf of laste af te los. Die verkryging van finansiële bates en die aangaan van laste word in die finansiële rekening onderskeidelik na verwys as "aanwending van fondse" en "bronne van fondse". Tabel 1 toon die verband tussen die finansiële rekening en die inkom- en produkrekeninge.

### **Klassifikasie van finansiële transaksies, rekeningkundige beginsels en samestelling**

Die identifisering van finansiële transaksies het al hoe ingewikkelder geword omdat finansiële innovasie tot die ontwikkeling en algemene gebruik van nuwe en komplekse finansiële bates en ander finansiële instrumente gelei het om aan die behoeftes van beleggers in terme van looptyd, opbrengs, risikovermyding en ander faktore te voldoen. Verskillende soorte finansiële bates word ontwerp om aan die verskillende vereistes en finansiële omstandighede van krediteure en debiteure te voldoen.

Finansiële markte handel in bepaalde soorte finansiële bates. Vir die doeleindes van finansiële ontledings moet 'n sinvolle klassifikasie dus eerstens onderskei tussen bates en laste (insluitende netto batewaarde), en tweedens tussen tasbare en finansiële bates aan die een

kant en netto batewaarde en laste aan die ander kant. Finansiële bates kan om verskeie redes gehou word, soos vir gerief, as 'n waardedraer en 'n wyse van betaling (geld), vir likwiditeit (kwasigelddeposito's), as 'n inkomstebron (lenings en sekuriteite) of vir spekulasie (bemarkbare sekuriteite).

Finansiële transaksievloeiinge weerspieël die transaksiewaardes van veranderings in die ooreenstemmende balansstaatposte gedurende 'n gegewe tydperk. In teenstelling met besparing en vaste investering word na daardie deel van die nasionale finansiële rekening wat die finansiële transaksies van die onderskeie sektore onderskei, as die finansiële transaksierekening verwys. Die verband tussen dié transaksies van die inkom- en produkrekeninge wat in die finansiële rekening opgeneem word, en die finansiële transaksierekening word deur die finansieringsaldo (oorskot of tekort) van elke sektor verskaf. Hierdie saldo kan óf uit 'n sektor se kapitaalfinansieringsrekening van die inkom- en produkrekeninge, óf onafhanklik uit sy finansiële transaksierekening bereken word, naamlik as die sektor se netto finansiële belegging. Hoewel hierdie twee berekenings van die saldo gelyk behoort te wees, is dit nuttig om dit afsonderlik te doen as 'n manier om die akkuraatheid van die berekende inkom- en produk, en finansiële vloeiinge te kontroleer.

Die *bronne* van fondse vir 'n bepaalde sektor (wat uit sy netto besparing plus voorsiening vir waardevermindering, netto kapitaaloordragte vanaf ander sektore ontvang en netto buitelandse lenings bestaan) sal normaalweg nie gelyk wees aan totale *aanwendings* van fondse vir investering in voorrade en nuwe kapitaalgoedere plus netto aankope van bestaande vaste bates nie. 'n Finansieringsoorskot sal dan tot 'n netto

toename in daardie sektor se netto finansiële batebesit aanleiding gee, en 'n finansieringstekort sal tot 'n netto toename in sy netto laste lei. Op 'n nasionale grondslag, sal netto binnelandse besparing plus voorsiening vir die waardevermindering van kapitaalbate, netto buitelandse lenings, en netto kapitaaloordragte vanaf die res van die wêreld, egter gelyk wees aan bruto binnelandse investering. Vir alle sektore gesamentlik, sal kapitaaloordragte en transaksies in grond en ander bestaande vaste bate tussen individuele binnelandse sektore uitkanselleer.

By die keuse van finansiële transaksieposte is dit belangrik om die finansiële markte en sektore wat ontleed gaan word, in gedagte te hou. Die klassifikasie van finansiële bate berus op die likwiditeit van die bate en is ontwerp om die ontleding van transaksies van institusionele sektore moontlik te maak en terselfdertyd 'n raamwerk vir die bepaling van die bronne en aanwending van finansiering en die graad van likwiditeit vir hierdie eenhede te voorsien. Die besonderhede waarin hierdie klassifikasie toegepas word, hang af van die institusionele sektor wat ontleed gaan word. Finansiële tussengangers byvoorbeeld doen transaksies in die volle reeks instrumente, en inligting oor hul bedrywighede is gewoonlik die mees gedetailleerde en tydigste van die verskillende institusionele eenhede. Huishoudings gaan daarenteen oor die algemeen transaksies in 'n baie meer beperkte reeks finansiële bate aan, en die inligtingsbronne oor hierdie transaksies is meer beperk as dié vir ander sektore. Alle finansiële transaksies tussen institusionele eenhede, en tussen institusionele eenhede en die res van die wêreld, word in die finansiële rekening aangeteken. Finansiële transaksies tussen institusionele eenhede, en tussen institusionele eenhede en die res van die wêreld, behels alle transaksies aangaande die verandering in eienaarskap van finansiële bate, insluitend die skep en likwidasie van finansiële eise. Die verskeidenheid van vorme waarin finansiële eise voorkom, blyk uit die verskeidenheid van finansiële bate.

Transaksies in finansiële bate en laste moet volgens soort instrument, die graad van likwiditeit en die omstandighede waarin die transaksie aanvanklik plaasvind, geïdentifiseer en geklassifiseer word. Daarbenewens is dit soms nodig om 'n meer breedvoerige klassifikasie van 'n bepaalde las of finansiële batepos te gebruik om sodoende analities belangrike veranderinge in finansiële eise aan te toon. Opeisbare deposito's by monetêre bankinstellings, wat deel van die geldvoorraad uitmaak, word byvoorbeeld as 'n afsonderlike kategorie van deposito's vir doeleindes van die ontleding van die geldvoorraad, onderskei. Met hierdie beginsels as grondslag, kan transaksies op so 'n wyse geklassifiseer word dat 'n raamwerk vir die ontleding van die beskikbare beleggingskanale en bronne van finansiering, sowel as die graad van likwiditeit en solvabiliteit van die verskeie institusionele sektore, voorsien word. Van groter belang is dat so 'n klassifikasie vir 'n ontleding van die verskillende finansiële markte benodig word.

In die nasionale finansiële rekening vir Suid-Afrika word 23 kategorieë finansiële bate/laste onderskei. Afgesien van die nie-finansiële poste en saldo's wat vanaf die inkome- en produkrekeninge oorgedra is, word 26 finansiële transaksieposte en saldo's in die nasionale finansiële rekening geïdentifiseer. Behalwe in die besondere geval van die goud- en ander buitelandse reserwes, taksaldo's en die poste wat in die kolom vir die buitelandse sektor voorkom, word buitelandse bate en laste nie afsonderlik van binnelandse bate en laste in hierdie transaksies getoon nie.

Soos in die geval van die ander rekeninge in die algehele stelsel van nasionale rekeninge, is die finansiële vloei-rekening 'n geslote stelsel. Dit beteken dat die totale bronne van fondse gelyk is aan die totale aanwending van fondse vir elke sektor en vir die ekonomie in die geheel. 'n Geïntegreerde en vergelykbare stel finansiële vloeiinge tussen die sektore van die ekonomie word deur hierdie stelsel voorsien.

Die transaksievloeiinge word saamgestel op 'n "wie-skuld-vir-wie"- grondslag, dit wil sê die verandering in die skuld-las van een sektor ten opsigte van 'n ander. Dit is in teenstelling met die "van-wie-aan-wie"- grondslag waar die werklike kontantvloeiing van die opnemer van 'n nuwe uitgifte van effekte getoon word, en nie die uiteindelijke houër en derhalwe finansierder van die uitreiker van die effekte nie. Hierdie beginsel van die uiteindelijke finansierder word dikwels oor die hoof gesien. Daar is in werklikheid twee aspekte wat by die finansiering van 'n projek ter sprake is. Eerstens, die onmiddellike betaling van die kontrakteur, en tweedens die daaropvolgende finansiering of besit van die skuld totdat dit afgelos word. Die noodsaaklikheid van die voorsiening in hierdie sekondêre finansiële behoefte, naamlik bekostigbaarheid, is van die uiterste belang by die oorweging van alternatiewe aanwending van fondse. Die finansierings-behoefte van investering in inkome- en werkgeleentheidskeppende projekte, soos industrialisasie, verskil heeltemal van die behoeftes van sosiaal wenslike investering in behuising en opleiding, wat ook noodsaaklik is maar wat inkome en werksgeleentheids slegs met verdrag skep en wat opgeweeg moet word teenoor wat die ekonomie betekenisvol oor die langer termyn kan bekostig.

Die rekeningkundige raamwerk vereis 'n vier-inskrywingstelsel stelsel, naamlik vir elke aanwending van een sektor moet daar 'n gelykwaardige bron vanaf 'n ander sektor wees en vir enige verandering in een pos van 'n sektor se rekening moet daar 'n gelykwaardige verandering in 'n ander pos van daardie sektor se rekening bestaan. Hierdie beperking word daargestel deur die aard van 'n geslote of gebalanseerde stelsel van rekeninge. Hierdie kenmerk maak dit vir die samestellers van die rekeninge moontlik om gepaste sektordata af te lei vir daardie sektore waarvoor daar nie sektorale balansstate bestaan nie, soos die huishoudingsektor waarvan die data uit die kontraposte van ander sektore saamgestel word.

Transaksies word teen transaksiewaarde gewaardeer

en word ten tye van die oordrag van eienaarskap aangeteken. Alle transaksies word egter nie op dieselfde wyse aangeteken, geklassifiseer of in die onderskeie partye wat by die transaksies betrokke is se boeke hanteer nie, en dit is dus noodsaaklik om aanpassings te maak vir afwykings voortspruitend uit sulke verskille in klassifikasie, waardasie of rekeningkundige praktyk.

Transaksies in finansiële bates word aangeteken teen die pryse waarteen die bates bekom of van die hand gesit word. Hierdie pryse behoort diensgelde, fooie, kommissies en dergelike betalings vir dienste gelewer in die uitvoering van die transaksie, uit te sluit; hierdie moet as betalings vir dienste aangeteken word. Wanneer 'n finansiële transaksie 'n nuwe uitgifte van laste behels, behoort die transaksie deur sowel die krediteur as die debiteur teen die bedrag van die las wat die debiteur aangaan, getoon te word. Wanneer 'n effek teen 'n diskonto uitgegee word, moet die opbrengs daarvan aan die lener ten tye van die verkoopstransaksie, en nie die sigwaarde nie, in die finansiële rekening aangeteken word.

